# SONDAGSKOOL LES - God is Liefdevol

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor God as 'n liefdevolle God.

**Ysbreker:**

- **Love Charades:** Elke groep kry 5 kaarte met beskrywings van hoe jy liefde kan wys aan ander. Kies 5 kinders in die groep wat elkeen 'n kaart vat. Hulle moet dit uitbeeld sonder woorde. Die groep moet raai wat die aksie is. Ons kyk watter groep is eerste klaar.

Vandag gaan ons na God as 'n liefdevolle God kyk. Ons het nou onlangs Valentynsdag gehad en Februarie staan bekend as die maand van liefde, maar in hierdie les gaan ons sien dat God liefde na 'n hele ander vlak toe neem.

**Groepwerk:**

Die groep moet in 2 minute kyk hoeveel maniere hulle kan lys wat mense liefde kan wys aan ander.

Hulle moet vir die volgende 2 minute 'n lys maak van maniere hoe God Sy liefde aan ons wys.

Kry terugvoering.

Ons kry baie soorte liefdes. Daar is romantiese liefde, vriendskaplike liefde, die liefde wat jou ouers vir jou het, ens. Ons kan wel weet dat nie een van daai liefdes ooit kan uitkom by die liefde wat God vir ons het nie. Hy het ons perfek lief ten spyte van al ons sondes.

Lees 1 Johannes 4:9 in groep.

Vrae in groep:

1. Hoekom is dit so belangrik dat God vir Jesus aarde toe gestuur het? (Ons sou vir ewig geskei wees van God deur ons sondes.)
2. Wat leer jy van God se liefde van hierdie vers? (Dit is opofferend, committed en gewillig om 'n weg te vind vir ons om by mekaar te wees ten spyte van ons sondes.)

Lees Jesaja 49:15-16 in groep.

Vraag in groep:

1. Wat sê hierdie verse vir jou van God se gevoel vir jou?

Lees 2 Korinthiers 1:3 in groep.

Vraag in groep:

1. Wat sê dit vir jou van God se liefde wanneer Hy sê dat Hy ons Vader is?

Kry terugvoering van groepe.

Sit gou stil en maak julle oë toe. Dink gou aan die hemel. Dink aan hoe dit moet lyk en hoe dit daar sal wees. Dink aan hoe dit moet wees om Jesus te kan sien aangesig tot aangesig. Hoe sal dit voel? Deur God se liefde en genade is dit 'n moontlikheid vir ons elkeen wanneer ons Jesus aanneem as ons Verlosser. Dit is jou keuse of jy dit wil aanvaar of nie.

Sluit af in groepe met gebed.

Voer die wat honger is.

Lees Bybel vir iemand.

Bid vir 'n vriend.

Hou die deur oop vir iemand.

Dra swaar pakkies vir iemand.

Voer die wat honger is.

Lees Bybel vir iemand.

Bid vir 'n vriend.

Hou die deur oop vir iemand.

Dra swaar pakkies vir iemand.

Voer die wat honger is.

Lees Bybel vir iemand.

Bid vir 'n vriend.

Hou die deur oop vir iemand.

Dra swaar pakkies vir iemand.

Voer die wat honger is.

Lees Bybel vir iemand.

Bid vir 'n vriend.

Hou die deur oop vir iemand.

Dra swaar pakkies vir iemand.

Voer die wat honger is.

Voer die wat honger is.

Lees Bybel vir iemand.

Lees Bybel vir iemand.

Bid vir 'n vriend.

Bid vir 'n vriend.

Hou die deur oop vir iemand.

Hou die deur oop vir iemand.

Dra swaar pakkies vir iemand.

Dra swaar pakkies vir iemand.

Voer die wat honger is.

Voer die wat honger is.

Lees Bybel vir iemand.

Lees Bybel vir iemand.

Bid vir 'n vriend.

Bid vir 'n vriend.

Hou die deur oop vir iemand.

Hou die deur oop vir iemand.

Dra swaar pakkies vir iemand.

Dra swaar pakkies vir iemand.